

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

21 Oktober 2018 **Nr. 690**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak !

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo	Tel: 012 567 6109	Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 08:00 Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Daniël 5: 1 - 30
Teks:	Daniël 5: 2, 4 - 5, 25 - 28
Tema:	God bring ons voor die hemelse weegskaal voor 'n geloofstoets!
Sang:	Ps 98: 1, 2 Ps 119: 26 Ps 68: 1 Ps 134: 4, 12 Ps 146: 2 Sb 13-3 (78)
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Gereformeerdes in Londen

Aand 17:45 Ds Gert Erasmus

Skriflesing:	Romeine 3: 19 – 24
Belydenis:	NGB Artikel 22 (2)
Tema:	God skenk aan ons die geloof waardeur ons deel kry aan al die verdienste van Christus!
Sang:	Ps 118: 7 Ps 118: 8 Sb 5-4: 5, 6 (10) Sb 13-3 (78)
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Hulp in Kerkverband

SAMESANG: Ps 30: 1, 2, 3, 4 Sb 8-2: 1, 2, 3, 4 (13)

Deurkollektes volgende Sondae	**Oggend**
28 Oktober	Teologiese Studente

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by 012 548 3549 / 083 471 4098. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.

Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar

.
(Efésiërs 6: 24 "Die genade sy met almal wat onse Here Jesus Christus in onverganklikheid liefhet! Amen.")

VIR MEELEWING

Meelewing

- Sr Welma Jansen van Vuuren (082 781 2048) wat in die Kloof Hospitaal is.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: Sr Rina de Jager (Montamed) en br Andries Nel (Huis Blymoedig).
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en die rehabilitasie!

Verjaardae
Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Oktober	Sondag	21	Bert Ubbink	082 605 8519
	Maandag	22	Peter Goede	083 628 3080
		22	FJ Human (jnr)	072 661 3451
		22	Isabel Troskie	079 495 1940
	Dinsdag	23	Margaret Domian	074 625 3746
		23	Sussie Roos	072 621 8054
	Donderdag	25	Marnu de Bruin	073 341 0754
		25	Kobus Vreugdenburg	083 609 1300
	Vrydag	26	Wayne Coetzee	082 929 3475
	Saterdag	27	Raynard Horn	076 768 9626
		27	Nico Treebus	082 468 1441

GEMEENTE-AKTIWITEITE

Bevestiging van Ouderlinge en Diakens:

Vandag vind die bevestiging van ouderlinge & diakens plaas. Baie geluk manne! Sterkte met julle dienswerk in die Here!

Diens by Bougainvilla-Aftree-oord:

Ds Gert staan vandag 10:00 vm in vir Ds Johannes Bingle met die diens by Bougainvilla Aftree-oord.

Hervormingsdiens - 28 Oktober 2018:

Die GK Pretoria-Noord nooi graag al die gemeentes in die klassis na hul gesamentlike diens op Hervorming-Sondag, 28 Oktober om 18:00 by hul kerkgebou, Jack Hindonstraat 319. **Neem dus kennis dat daar nie die 28 ste Oktober by ons kerk 'n aanddiens sal wees nie.**

AAA – Aksie Alle Afgetrede Lidmate

U word hartlik uitgenooi na 'n gesellige Somer-byeenkoms op Dinsdag 30 Oktober om 10:00 in die kerksaal. Alle lidmate wat reeds afgetree het, is welkom. Ons praat dus met **almal** tussen 60 en 100 jaar oud. Kontak persone Magriet Petzer (082 770 3884) of Martie van Dijken (012 548 3549 of 083 471 4098)

Susters-Kenmekaar

Al die gemeente se dames word uitgenooi vir 'n heerlike lente-oggend by die kerk op **Saterdag 10 November om 9:00**. Bring jou mooiste koppie, piering en bordjie vir 'n "high tea", asook 'n blom uit jou tuin vir 'n vriendin of mede-suster. Ons wil kuier, saam praat en saam geniet. Sien jou daar!! Sit asb jou naam op die lys in die portaal, ons wil seker maak ons het genoeg sitplek gereed vir jou koms!

Kalender 2019:
Baie dankie aan ALMAL wat mee gewerk het aan die kalender se datums! 'n Besonderse GROOT DANKIE aan Magda Schoeman & Marten van Dijken wat hard agter die skerms gewerk het om die Kalender vir 2019 administratief te finaliseer! Dankie ook aan Johan Schoeman met die ontwerp van die nuwe Jaarprogram se voorblad.

Bybelstudiegroepe

GROEP 4 (Hannes Spies – 082 670 9509) – Woensdag 24 Otober 15:00 by die Villas.

Bybelstudie Naskooljeug
Alle naskoolse jeug vergader **elke tweede Woensdagaand** om **19:30 - 20:30** by die pastorie. Almal is baie welkom! Ons volgende ontmoetings vind soos volg plaas: **24 Oktober, 31 Oktober en 14 November.** Ons afsluiting vir die jaar vind **Saterdag 17 November** plaas. Meer inligting sal later deurgegee word.

Koffieproe @ Cupocafe
Neem ASB kennis dat die volgende koffieproegeleentheid DV Vrydag **2 November 2018** plaasvind. Gee julle name vroegtydig deur aan Ds Gert Erasmus (076 839 6973) of Marike Snyman (079 885 0214) om teleurstelling te voorkom.

Die Sinode van Dordrecht
Die 400-jaar-herdenking vind plaas op Sondag, 28 Oktober 2018
Die Gereformeerde Kerk Wonderboompoort nooi almal hartlik uit na die Herdenking van die Sinode van Dordrecht. Die herdenkingsgeleentheid vind plaas direk na die oggend-erediens, wat om 08:55 begin.
Die herdenking word beskou as 'n katkisasiegeleentheid, waartydens daar veral vir ons verbondskinders, (maar ook vir volwasse lidmate), binne die bestek van ongeveer 35 minute, die inhoud en die geskiedenis van die Dordtse Leerreëls, die vertaling van die Statebybel en die Dordtse-kerkorde op 'n aanskoulike wyse met 'n klank- en beeldaanbieding en samesang, bekendgestel sal word.
(Onthou asseblief om u Psalmboeke saam te bring vir die samesang!)
Adres: Gereformeerde Kerk Wonderboompoort, Genl. Beyerstraat 256, Pretoria-Noord.
Die Preekbundel oor die Dordtse Leerreëls deur ds. Christiaan Jooste (3de druk) sal beskikbaar wees.

Eljadahuis
Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada !! Hulle onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en boksmelk. Die ander behoefte is nie-bederfbare items soos blikkieskos, pakkies tee, ontbytpap, broodsmere en toiletware. Enigiets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir óns: "bederfies") is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê, kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly maar dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddelle.

Gereformeerde vriendekring
Afsluitingsete ! ! ! BESPREEK NOU! **DV 21 November 12h00**
Voorgereg, Hoofgereg, Nagereg (Wyn ingesluit)
R150 per persoon
Plek: Kerksaal Stephanweg
Kom eet saam.
Bespreek jou plek voor 13 November by Mariki 012 548 9082

Verblyf vir damesstudente beskikbaar op die NWU-kampus by GK Cachet se gemeentesentrum.
Koste R2,250 per maand wat 'n kamer deel.
Water&ligte, internet, parkering, skoonmaakdiens ingesluit.
Kontak Ds Brahm by 064 656 1374 indien jy belangstel.

SUSTERS

Teeskink by kerkraadsvergadering op 22 Oktober 2018

A01	Fransie van der Walt	A02	Martie Goede
E01	Renthia Booyens	E02	Hendrina Stoltz
E06	Amanda Oelofse	F06	Estie Smith

Teeskinkbeurte ***Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!***

21 Oktober	Wyk	D03	Hanlie de Bruin
	Wyk	D04	Coby Treebus
28 Oktober	Wyk	E03	Magriet Petzer
	Wyk	E04	Erica Arnold
	Wyk	E11	Baby vd Walt

VAN DIE KERKRAAD

Katkisasie
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 22 vir gr 0-7. Bybelstudie vir Gr 8-11

Belydeniskatkisante: Maandagaand 22 Oktober om 19h00, direk na die Kerkraadsvergadering, vind daar 'n ontmoeting plaas met ons belydeniskatkisante saam met hul ouers by die kerkgebou, met die oog op die belydenisaflegging! Sien julle more aand 19h00 !!!!

Verandering van u persoonlike inligting
Indien enige inligting van u verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of E-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee.

Beroepe Ontvang
- Proponent JN Hibbert (Josef) na Pietersburg-Noord
- Ds RJ Pretorius (Rynhardt) van Buffeldoorns na Benoni as medeleraar

Dagboekdatums

Maandag	22 Oktober	Kerkraad	18:30
	22 Oktober	Belydeniskatkisante en hul ouers	19:00
	22 Oktober	Kerkraad en diakens	19:30
Woensdag	24 Oktober	Bybelstudie (Hannes – Villas)	15:00

Ds Gert se dagboek

Maandag:	Toerustingsgesprek en beplanning vir 2019	09:00 – 10:00
	Naskoolse Jeug kerkverband en beplanning 2019	11:00 – 12:00
	Kerkraadsvergadering	19:30
	Kerkraad en diakens	18:30
Dinsdag:	Admin vergadering	09:00 – 10:00
	Predikante ontmoeting	10:30 – 12:00
	Huisbesoek	18:00
Woensdag:	Naskoolse jeug Bybelstudie	19:30
Donderdag:	Besoek Wyk A1	19:00 – 20:00
Vrydag:	Voorbereiding	

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.

Gemeente–ete na Nagmaal: 11 November 2018
Die hele gemeente word genooi vir die heerlike **"Bring-en-eet"** kuier.
Datum: 11 November – vanaf 12:00 by die kerkgebou. Ons beplan om 13:00 te eet.
Wat: Elke gesin bring 'n koue vleis gereg en 'n slaai vir die gesin. Nagereg sal voorsien word. Pak 'n piekniekmandjie met eetgerei en eie drinkgoed.
Onthou: Alleenlopendes of bejaardes wat nie meer etes maak nie kan gerus kom, daar sal genoeg wees vir almal. **MOET ASB NIE WEGBLY NIE !!!**
Bespreek: Skryf asb jou NAAM op die lys in die portaal voor of op 7 November 2018! Ons wil beplan vir genoeg nagereg, tafels en stoele.
Enige navrae: Magriet Petzer 082 770 3884

Bestelling: Almanak 2019
Die ALMANAK is die "jaarboek" van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Dit bevat inligting oor al die gemeentes, predikante, Administratiewe Buro, Teologiese Skool, ens. Dit het ook dagstukkies in vir die hele jaar. Voltooi asb. die skeurstrokie en plaas saam met kontant of tjek (uitgemaak aan Geref. Kerk Pretoria-Magalieskruin) in 'n koevert gemerk ALMANAK 2019. Gooi in die kollektesakkie of gee **VANDAG of DINSDAG 23 Oktober 2018 vir Magda. GEEN LAAT BESTELLINGS !!!**

✂----------

BESTELLING – ALMANAK 2019
Betaling met bestelling

NAAM EN VAN: _____ TEL:_____

AANTAL ALMANAKKE: _____ @ R84 elk R_____ ingesluit.

HANDTEKENING: _____ WYK: _____